

19. Die eerste gemeente en die uitstorting van die Heilige Gees

Handelinge 1 en Handelinge 2

God hou sy kerk instand

God vergader na Christus se hemelvaart 'n kerk om Hom te aanbid, te loof en te dien. Die kerk van Jesus Christus strek oor alle geslagte heen. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God bly van die begin tot die einde getrou.
- Die belofte van die Heilige Gees gaan in vervulling.
- Deur die werking van die Heilige gees versprei die woord na al die nasies.
- Deur die werking van die Heilige Gees groei die eerste gemeentes tot godvrugtige gemeentes.

Die apostels volhard eendragtig in gebed

Na Jesus Christus se hemelvaart by die Olyfberg, gaan die elftal terug na Jerusalem, eers om God te prys en dank in die tempel en daarna om in afsondering saam te kom. In hierdie donker ure volhard hulle almal saam in gebed en smeking. Saam wag hulle op die belofte van Jesus dat die Heilige Gees by hulle sal wees¹³⁶. Hy het hulle immers verseker dat Hy met hulle is tot aan die voleinding van die wêreld¹³⁷.

Lukas noem die name van Petrus en Jakobus en Johannes en Andreas, Filippus en Thomas, Bartholomeus en Mattheus, Jakobus die seun van Alfeus en Simon die Yweraar, en Judas die seun van Jakobus. Jesus het hulle uitverkies as apostels om die blye boodskap van die evangelie te gaan verkondig. Hoë eise word aan hulle gestel. Hulle moet die draers van die koningryk van God wees. Hulle gaan dan ook uit en verkondig die evangelie¹³⁸.

136 Joh. 14: 16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

137 Matt. 28: 20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

138 Luk. 9: 6 En hulle het uitgegaan en dorp vir dorp deurgegaan en oral die evangelie verkondig en siekes gesond gemaak.

Ander gelowiges voeg hulle by die apostels

Saam met die elftal het ook 'n aantal vroue, waaronder die moeder van Jesus, vergader om te bid. Jesus se broers is ook by hulle. Hulle wat Hom voorheen nie wou glo nie en Hom selfs wou verhinder om op te tree, het nou na sy opstanding uit die dode ook gelowig geword. Een van hulle is Jakobus, Jesus se broer, wat in die gemeente van Jerusalem 'n belangrike plek sou beklee.

Die getal gelowiges wat gereeld byeengekom het, groei aan tot omtrent honderd - en - twintig mense. Petrus, wat deur Jesus in ere herstel is nadat hy Hom verloon het, neem die leiding soos vroeër in die kring van die dissipels.

Een dissipel sy amp onwaardig

Een van die dissipels, Judas Iskariot, sou nie die voorreg hê om saam met die ander dissipels op die Olyfberg ooggetuie te wees van Jesus se hemelvaart nie. Hy kry berou omdat hy sy Here en Heiland verraai het en hang homself op. Na die hemelvaart besluit die dissipels, wat nou apostels genoem is, onder leiding van Petrus om die leemte wat Judas gelaat het te vul. Toe Petrus hierdie saak aan die vergadering stel, wys hy op die sonde en einde van Judas. Hy wat een van die Twaalf was en saam met hulle "die lot van hierdie bediening verkry het", was nietemin "die leier van die wat Jesus gevange geneem het." Petrus sien dit as die vervulling van wat in die Psalms geprofeteer is. Waarskynlik het hy aan Psalm 41: 10 gedink¹³⁹.

Verder skets Petrus hoe Judas aan sy einde gekom het en beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n opvolger. Hy beroep hom op die Skrifte waarin vermeld word dat 'n ander een sy opsiensamp moet oorneem sodat die Twaalf weer voltallig kan wees¹⁴⁰. Die getal twaalf het ryke betekenis in die openbaringsgeskiedenis. Dit was die getal van die stamvaders van die volk van God in die Ou Testament. Jesus wys self die twaalf apostels aan en die getal dui ook op die begin van die nuwe volk van God in Christus.

Die verkiesing van Matthias

Petrus verduidelik dat Judas se opvolger iemand moet wees wat al die tyd saam met hulle was, vanaf die doop van Jesus deur Johannes die Doper tot

139 Ps. 41: 10 Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig.

140 Ps. 109: 8 Laat sy dae min wees; laat 'n ander sy amp neem.

sy hemelvaart. Hierdie persoon moet ook kan getuig van die opstanding, maar meer nog: Hy moet God ken en dien.

Petrus tree nie uit sy eie op wanneer hy voorstel om 'n twaalfde apostel te verkies nie, maar hy doen dit in die geloof, gelei deur die Gees van God.

Twee persone word voorgestel: Josef (Justus) en Matthias. Om 'n waardige opvolger te kry, smee die apostels God in gebed om die een aan te wys wat Hy verkies het. Hulle werp die lot en dit val op Matthias. Voortaan sou hy saam met die apostels die blye boodskap van die evangelie verkondig. Later het ook Paulus en Jakobus, die broer van die Here, die apostelamp beklee, hoewel hulle nie as deel van die Twaalf beskou is nie.

Die amp en arbeid van die apostels

Matthias is die laaste een wat tot apostel verkies is. Nadat hulle die grondslag van die Christelike Kerk gelê het, was hulle taak afgehandel. Toe Jakobus later deur Herodus Agrippa vermoor is, is nie weer 'n apostel in sy plek verkies nie.

Die amp van die apostel was tydelik. Hulle is deur Jesus self geroep en vir hul roeping deur hom bekwaam gemaak. Hulle moes getuies wees van sy daad en na sy dood sy werk voortsit. Hulle is deur Jesus self uitgestuur. Daarom is hulle met besondere krag toegerus, sodat hulle die woorde van Jesus deur tekens en wonders kon bevestig. Hul woorde was woorde van gesag. Aan hul woorde is die kerk van alle eeue gebind. Deur wat hulle geleer het, is die grondslag van die Christelike kerk gelê¹⁴¹. Die kerk is nie op hulle as persone gebou nie, maar wel op dit wat hulle geleer het.

Hulle stig gemeentes en versorg, bestuur en regeer ook die gemeentes. Ons aanvaar dat Matthias ook hierin 'n beskeie aandeel gehad het. Herders en leraars, ouderlinge en diakens het later die werk van die apostels oorgeneem.

Pinksterfees

Die hemelvaart vind 40 dae na Paasfees plaas. Die tien dae na die hemelvaart was baie belangrik vir die vorming van die eerste gemeente. In daardie tyd kom hulle gereeld bymekaar en bid saam. Hulle begin 'n eenheid vorm

141 Ef. 2: 19 - 20 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,

en tref sekere reëlings met die oog op die voortbestaan van die gemeente. Hulle is bewus van die opdrag om van die opstanding te getuig. Maar eers moet hulle wag op die uitstorting van die Heilige Gees.

Die dag van die Pinksterfees breek aan, die einde van die oesseisoen. Die fees is vyftig dae na Paasfees gevier, uit dankbaarheid vir die ingesamelde oes¹⁴². Levitikus 23: 15 - 22 beskryf hoe hierdie fees gevier moet word. Bak twee brode van die eerste graan wat geoes is as teken dat alles aan die Here behoort en nooi veral die armes uit.

Elke jaar is hierdie fees vol verwagting gevier. Joodse pelgrims vanuit die hele nabye Ooste het in Jerusalem saamgedrom. 'n Godsdienstige atmosfeer het in die stad geheers.

Die uitstorting van die Heilige Gees

Op hierdie Pinksterfees is die Heilige Gees uitgestort. Terwyl hulle almal saam bid kom skielik uit die hemel 'n geluid soos 'n geweldige rukwind. Die hele huis waar hulle byeen was, is daarmee gevul. Hoorbare en sigbare tekens is gesien.

Die geweldige rukwind dui op die kragtige koms van die Heilige Gees. As die wind kom, kan hy nie gekeer word nie, so ook kan niemand die Heilige Gees weerstaan nie.

Toe Jesus aan die dissipels na sy opstanding gesê het: "Ontvang die Heilige Gees", het Hy op hulle geblaas¹⁴³, 'n teken van die koms van die Gees wat soos die wind is¹⁴⁴.

Die geluid van die groot rukwind was 'n hoorbare teken van die koms van die Heilige Gees.

Hulle sien ook tonge soos van vuur wat verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. Hierdie tonge van vuur dui op die verligende werking van die

142 Lev. 23: 10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy oprings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.

143 Joh. 20: 21 - 22 Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.

144 Joh. 3: 8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

Heilige Gees. Dit versinnebeeld reiniging en inspirasie¹⁴⁵. Die Heilige Gees is 'n heilige vuur wat die dissipels sou aandryf tot die verkondiging van die evangelie. Die tonge van vuur gaan sit op elkeen se hoof. Dit wys op die gawe van die Heilige Gees wat God aan elke kind van Hom skenk.

So is hulle vervul met die Heilige Gees wat in die gemeente gaan woon het, volgens die woord van Johannes die Doper dat die Heilige Gees met vuur sal doop¹⁴⁶.

Die taalwonder

Jesus se opdrag aan sy apostels is om sy getuies te wees tot aan die uiterstes van die aarde. Hoe kon hulle, ongeletterde vissers, afkomstig uit Galilea, oortuigend die evangelieboodskap aan die besoekende pelgrims van Jerusalem verkondig as hulle nie in verskillende tale kon spreek nie? Hier het 'n wonder plaasgevind. Die pelgrims uit allerlei lande soos Parthië in die Ooste tot by Libië in Afrika het almal die evangelieboodskap in hul eie taal gehoor en verstaan.

Deur die Heilige Gees verbreek God die taalgrense wat by Babel tussen die volke ontstaan het (Gen 11). Die skeiding van die tale sou voortaan nie 'n struikelblok wees in die voortgang van die evangelie nie. Die taalwonder wys ons op ons roeping om God se woord in alle tale te verkondig. Dit is die roeping van die kerk om sending te bevorder.

Die gebeurtenis vind nie in die geheim plaas nie. Dit trek dadelik die mense daarbuite se aandag. Hulle hoor die geluid van die wind en drom saam om te sien wat gebeur. Daar ontstaan 'n algehele verwarring omdat niemand presies weet wat gebeur nie.

Tot op hierdie oomblik het die apostels nog nie verstaan nie. Maar nou, na die uitstorting van die Heilige Gees, verstaan hulle God se bedoeling. Jesus is nie 'n Joodse politieke leier nie, maar die Saligmaker, die Verlosser van die sonde. Hierdie insig veroorsaak 'n groot verandering by die apostels. Hulle is nie meer bevrees soos in Getsemane nie en spreek die skare toe met groot vrymoedigheid.

145 Jes. 6: 6 - 7 Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.

146 Matt. 3: 11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

Petrus se toespraak

Geïnspireer deur die Heilige Gees spreek Petrus die skare toe. Hy is nie meer bevrees om van Jesus te getuig nie. Sy toehoorders moet weet wat hier gebeur het. Dit is die vervulling van die profesie van Joël¹⁴⁷.

Eers wys Petrus daarop dat hulle nie dronk is nie. Daarvoor is dit te vroeg in die dag, ongeveer nege uur die oggend. Oor die Heilige Gees praat Petrus nie lank nie. Die Gees self lei hom daartoe om van Christus te getuig, dat Jesus moes kom, ly en sterf en dat Hy nou aan die regterhand van God in die hemel sit.

Die voorspelling van die opstanding vind Petrus in Psalm 16: 8 - 11 waar Dawid verklaar dat God hom nie aan die doderyk sal oorgee nie. Petrus sê dat hierdie woorde nie op Dawid self betrekking het nie aangesien hy wel gesterf het. Dawid het as profeet heengewys na Christus wat deur God uit die dode opgewek is. Die uitstorting van die Heilige Gees is die werk van die verhoogde Christus. Die Jode het Christus gekruisig, wel skuldig, maar ook instrumente om God se raad uit te voer.

Vrug van Petrus se prediking

Dit is opmerklik dat Petrus in sy toespraak 'n aanknopingspunt met die profesieë van die profete soek. Met goeie rede. Hierdie profesieë was aan die Joodse volk goed bekend. Elke moontlike profesie in verband met die Messias is in diepte nagevors om vas te stel wat gesê word van 'n Messias wat 'n aardse koninkryk kom stig. In Petrus se prediking kom Christus op die voorgrond as die Middelaar aan die regterhand van die Vader.

Die luisteraars is diep geraak. Soos met Pinksterfees die oes ingesamel is, word die eerstelinge van die hemelse oes nou ingesamel. Petrus se prediking maak 'n groot indruk. Die skare is verslae: "Wat moet ons doen?" Op Petrus se uitnodiging dat hulle hul moet bekeer en laat doop, het 3 000 mense sy woord met blydschap aangeneem. Hulle kom tot geloof en word gedoop.

Die eerste Christelike gemeente

Hierdie eerste Christene volhard in die leer van die apostels. Hulle luister

¹⁴⁷ Joël. 2: 29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.

met groot belangstelling na die woorde wat die apostels verkondig. Die apostels moes die skare leer wat Jesus vir hulle geleer het. Hulle is tog die bevoorregtes wat uit die mond van Jesus self die woorde van die ewige lewe verneem het. Die apostels vertel vir die mense van Jesus se doen en late op aarde en ook van sy wonderwerke.

Die kerk wat na Pinkster tot stand gekom het, die 3 000 gedooptes, het verskil van die Joodse kerk van daardie dae. By gebrek aan 'n eie vergaderplek soos die tempel, vergader die eerste Christene in huise. Die samekomste word in die Septuagint (Griekse vertaling van die Bybel) deur die woord "Ekklesia" aangedui, wat in Afrikaans deurgaans met die woord "gemeente" vertaal word.

Omdat hierdie eerste Christene nie groot kerkgeboue gehad het nie, ontstaan op verskillende plekke klein gemeentes. In die huise waar hulle byeenkom tree die apostels as leermeesters op.

Tydens die eerste kerklike samekoms in Jerusalem, wanneer Paulus en Barnabas saam met die apostels en ouderlinge vergader om die posisie van die heidene te bespreek, is dit duidelik dat daar al 'n eenheid tussen hierdie gemeentes bestaan.

Die samelewing in die gemeentes

Die eerste gemeentes is gekenmerk deur opregte liefde. Hulle volhard in die leer van die apostels, in die onderhouding van die gemeenskap, in die breking van die brood en die gebede. Hier is vier basiese elemente van 'n erediens: die prediking, die diens van die barmhartigheid, die sakramente en gebede. Later is ook begin met die sing van psalms.

Die uitdrukking "breking van die brood" het te doen met die "liefdesmaaltye". Dit was die gewoonte om mekaar uit te nooi na die "liefdesmaaltye". Die gawes is daagliks van die rykes versamel en dan sit ryk en arm saam aan tafel om te eet. Hulle geniet saam die maaltyd met blydskap en eenvoud. Die voedsel wat oorbly, is aan die armes uitgedeel. So 'n liefdesmaaltyd is meestal afgesluit met die viering van die Nagmaal.

Die een sigbare kerk

Die gelowiges het soveel vir mekaar omgee dat sommige 'n groot deel van hulle inkomste vir die apostels gebring het. Hulle verkoop selfs hul

eiendomme en besittings en verdeel die opbrengs onder mekaar volgens elkeen se behoefte. Hulle beskou die besittings wat God aan hulle geskenk het nie as hul eiendom nie, maar as besitting van die gemeente.

Hierdie eerste klein gemeentes, gestig deur die apostels, was die begin van die kerk van Christus. Hy was die Hoof van hierdie gemeentes. God stel die ampte van die apostels, profete en evangeliste sowel as van helpers in diens van hierdie gemeentes¹⁴⁸. Die klein gemeentes lê die fondament van die latere, heilige, algemene Christelike kerk. Die nederige begin ontwikkel gou tot bloeiende gemeentes.

Aanbevole leesstukke:

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgesiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 390 - 402 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 414 - 421 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 700 - 706 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 583 - 617 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Mattheus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 90 - 96 p.

148 Ef. 4: 11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,